Rikkhideeli
87/85

SAMSON RADEBE ........... EERSTE APPELLANT

MATTHEWS MOLOLEKO ....... TWEEDE APPELLANT

en

DIE STAAT ............. RESPONDENT

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen

SAMSON RADEBE ............ EERSTE APPELLANT

MATTHEWS MOLOLEKO ......... TWEEDE APPELLANT

en

DIE STAAT ................. RESPONDENT

CORAM : JOUBERT, CILLIé *et* HEFER, ARR.

AANGEHOOR : 30 AUGUSTUS 1985.

GELEWER : 5 SEPTEMBER 1985.

---

U I T S P R A A K

HEFER, AR :

Die appellante appelleer met verlof van

die...........2

die Hof a quo teen die doodvonnis wat hulle opgelê is weens hulle skuldigbevinding aan moord. Die enigste vraag is of die verhoorhof se bevinding dat daar geen versagtende omstandighede was nie staande moet bly.

Dit was gemene saak by die verhoor dat die oorledene die dag voor die Sondag waarop hy self gedood is, op een of ander onbekende wyse deel gehad het aan die besering van ene Sporty - appellant No 1 se oudste broer en 'n oom van appellant No 2. Sondag-oggend het Sporty beswyk aan sy beserings. Dieselfde dag nog het sy familie 'n byeenkoms gehou waarop besluit is dat Sporty se dood gewreek moes word. Beide appel-lante het aangebied om as wrekers op te tree. Vroeër reeds

die môre het eerste appellant en twee ander persone op soek na die oorledene by laasgenoemde se huis opgedaag. Hy was egter nie tuis nie. Om ongeveer 4 uur die middag het die appellante en 'n derde persoon weer by die huis opgedaag. Tweede appellant was gewapen met 'n byl en sy twee metgeselle elkeen met 'n mes. Tweede appellant het terstond begin om al die vensters van die huis stukkend te kap. Daarna het hy die agterdeur platgeslaan en op daardie wyse toegang tot die huis verkry. Die oorledene is deur eerste appellant en die derde persoon in 'n hangkas opgespoor waar hy weggekruip het, en doodgesteek.

Voorafgaande weergawe is die een wat die

verhoorhof aanvaar het. Dit is saamgestel uit die getuienis van die staatsgetuies en brokkies van die appellante se getuienis. Eerste appellant se weergawe dat hy die middag na die oorledene se huis is bloot om te soek na 'n horlosie wat aan Sporty behoort het en dat tweede appellant die oorledene gedood het terwyl hy (eerste appellant) nog aan die voordeur staan en klop het, is verwerp. Dieselfde lot het tweede appellant se getuienis te beurt geval dat hulle na die oorledene se huis is om hom aan te rand (maar nie te dood nie) en dat dit die derde persoon was wat hom gedood het terwyl die appellante elders in die huis besig was om na hom te soek.

Na skuldigbevinding en die verwerping van hulle getuienis het die appellante nie getuienis aangebied met die oog op die bewys van versagtende omstandighede nie. Wat dit betref, was die verhoorhof (en is hierdie Hof tans) dus aangewese op die ander beskikbare getuienis en die afleidings wat dit regverdig.

Eerste appellant se advokaat het die feit dat die oorledene uit weerwraak gedood is as versagtende faktor aan ons voorgehou. Haar betoog dat die verhoorhof fouteer het in sy bevinding dat daardie faktor nie "in sigself 'n versagtende omstandigheid is nie", kan natuurlik nie aanvaar word nie. 'n Geïsoleerde faktor soos wraak kan nooit op sigself as versagtende omstan-

digheid aangemerk word nie; of dit is en of dit nie is nie word beoordeel aan die hand van al die omstandighede van elke besondere saak. Daarom het die advokaat ook gepoog om ons te oorreed dat Sporty se dood en die familie-byeenkoms wat daarop gevolg het waar gemoedere hoog sou geloop het, so 'n uitwerking op eerste appellant gehad dat hy bykans buite homself van woede was toe hy die oorledene opgesoek het. Die eerste probleem met hierdie betoog is dat dit op blote spekulasie berus. Soos vantevore aangedui, het die appellante nie getuienis met die oog op die bewys van versagtende omstandighede aangebied nie en oor die uitwerking wat sy broer se dood op hom gehad het, kan slegs gegis word.

Die verhoorhof se bevinding in daardie verband is soos volg genoteer:

> "Daar word geen van die feite soos bevind deur die Hof deur enige van julle advokate bevraagteken nie vir die doeleindes van versagting nie. Ek het dit volledig behandel en dit is duidelik dat hier 'n deliberate sameswering gewees het om 'n ander persoon te gaan dood. Die blote feit dat daar 'n motief bestaan om dit te doen is in sigself nie 'n versagtende omstandigheid nie. Dit is nie asof dit 'n geval gewees het waar julle daar gewees het waar die man dood is en daar 'n opwelling by julle gekom het en daar en dan in daardie gees en toestand die man wat hom beseer het aanval en dood nie.
>
> Nadat die besoek van die oggend afgelê is om te gaan soek na die horsie en die skoene, toe die persoon klaarblyklik alreeds dood is, het julle saam

met.........8

> met ander persone gaan sit en beraadslaag oor wat om te doen. Daar, deliberaat en beredeneerd, is besluit dat hierdie persoon moet doodgemaak word. En julle het op deliberate en beplande en berekende wyse gegaan na sy huis ten einde juis dit te vermag, en daar het julle ingebreek met die doel om hom te moor en ook toe hom inderdaad doodgemaak."

Eerste appellant se advokaat kon geen mistasting hierin uitwys nie en niks wat sy aangevoer het, oortuig my dat die verhoorhof fouteer het in sy bevinding dat daar nie versagtende omstandighede was nie.

Wat vir die eerste appellant geld, geld grotendeels ook vir tweede appellant. Sy advokaat het aangevoer dat die verhoorhof se bevinding dat die oorledene met direkte opset gedood is, foutief is. Ek stem

nie saam nie. Al die getuienis dui, inteendeel, daarop dat die bevinding korrek was. Die feit dat derde appellant nie self deelgeneem het aan die werklike doodslag van die oorledene nie - 'n faktor waarop ons ook gewys is - kan, in al die omstandighede, klaarblyklik nie as versagting dien nie. Ook in sy geval bestaan daar geen rede vir inmenging met die Hof se bevinding dat daar nie versagtende omstandighede was nie.

Die appèl word afgewys.

---

J J F HEFER,AR.

JOUBERT, AR. )
STEM SAAM.
CILLIé , AR. )